

HOOFSTUK . 7 .

VOLKSRAADSLID .

Piet Cronje het hom gedurende die Eerste Vryheids-oorlog en die jare direk daarna nie alleen op militêre gebied onderskei nie, maat van toe af 'n leidende aandeel aan die politieke lewe begin neem. Hy was 'n man van aansien en sy betroubaarheid is deur almal hooggeag. As kommandant van die Potchefstroomse distrik het hy die ver-<sup>1)</sup>troue en hoogagting van sy distriksgenote geniet.

Kort nadat die amptelike teruggawe van die land op 6 Augustus 1881 aan die Republikeinse owerhede, plaasgevind het, het die regering 'n verkiesing vir 'n nuwe Volksraad uitgeskryf.<sup>Om</sup> Nadat Cronje die welvaart en vryheid van die Suid-Afrikaanse Republiek in die afgelope jare op die hart gedra het, het die burgers in die wyk Mooirivier oortuig gevoel dat hy die regte persoon is aan wie hulle die belange van hulle distrik kon toever-<sup>2)</sup>trou Cronje was gewillig om hom verkiesbaar te stel.

Op 21 September 1881 is hy as lid van die Volks-<sup>3)</sup>raad vir Potchefstroomdorp verkies. Hy was dus teenwoordig toe die warm debatte oor die Pretoriase Konvensie in/.....

- 
- 1). Staatscourant der Z.A.Republiek Nr.18, 3 September 1881, Kennisgewing Nr. 27.
  - 2). Ibid. Rekvisie onderteken deur J.H.de Kock, P.L.Bezuidenhout, Snr., L.C. Freislich en 9 ander. Wyk Mooirivier, distrik Potchefstroom, 18 Augustus 1881. Ibid., Antwoord van P.A.Cronje, Schoonspruit, 24 Augustus 1881.
  - 3). E.V.R. 14, bls.15.

in die Volksraad plaasgevind het, want in hierdie maand is die nuwe Konvensie vir bekragtiging voor die Volksraad gelê. Vise-president Kruger het in sy toespraak reguit verklaar dat die Driemanskap hulle nie kon vlei met die gedagte dat die Konvensie in sy verskillende bepalings die Volksraadslede sou bevredig nie, want hulle was ook nie met al die punte eens nie. Maar hy kon die versekering gee dat hulle dit onderteken het omdat hulle deur omstandighede daartoe verplig was. Dié toekomst van Suid-Afrika was op die spel en hulle opregte vaderlandsliefde kon hulle ondertekening nie weerhou nie. Die verantwoordelikheid het swaar op elke raadslid gerus. Die Voorsitter het in sy rede ook op die erns van die saak gewys. Die landsbelange het groot versigtigheid en wysheid geverg. Baie van die raadslede het reeds in die oorlog getoon dat hulle dapper krygsmanne is, maar hulle moes nie vergeet nie dat hier vir hulle 'n nuwe veld geopen is waar versigtigheid aan die dag gelê moes word. Die oë van die wêreld was op elke lid gevestig en die toekomst van die land en volk het in hulle hande berus.

Hierdie woorde het ingeslaan. In die besprekings wat hierop gevolg het, het die gevoelens hoog geloop. Cronje het onder alles geswyg. Hy het nooit baie gepraat nie. Dit was ook sy eerste vergadering wat hy bygewoon het en hy wou seker eers luister wat die ander lede te sê gehad het voordat hy self aan die besprekings sou deelneem.

4). Die lede van die Driemanskap: S.J.P. Kruger, P.J. Joubert en M.W. Pretorius.

5). Volksraadsnotule, art. 1, 22 September 1881.

6). Ibid. (Uit die Voorsittersrede).

Die Volksraad het 'n Komitee Generaal <sup>7)</sup> gekies om die gewenste wysigings en veranderings in die Konvensie aan te bring. Op 3 Oktober is hulle voorstelle telegrafies aan Gladstone bekend gemaak. Die Konvensie was in stryd met die Konvensie van Sandrivier en ook met die terme van wapenstilstand met Sir Evelyn Wood aangegaan. <sup>8)</sup> Buitelandse betrekkinge was nie 'n saak vir die Suserein nie, en die Konvensie tas ook die binnelandse selfbestuur aan. Die skuldreëling was nie bevredigend nie en veel is in die Konvensie vervat wat kwetsend is vir die nasionale gevoel van die Boere. <sup>9)</sup>

Die Britse regering was egter nie bereid om enige wysinge te oorweeg nie, maar wou eers sien hoedat die Konvensie in die praktyk sou werk. <sup>10)</sup> Die Volksraad het onmiddellik sy spyt oor die antwoord te kenne gegee. Nogeens is die besware betreffende die skuld en kompensasie onder die aandag van die <sup>Britse</sup> regering gebring, maar die vorige besluit is gehandhaaf. <sup>11)</sup> Die konsepbesluit is op 25 Oktober voor die Volksraad gelê. Die lede het verlang dat daar slegs toesig i.p.v. leiding oor die buitelandse beleid van die Republiek, geen inmenging in die binnelandse bestuur moet wees nie en dat die Resident slegs as 'n Britse verteenwoordiger moes optree. <sup>12)</sup> Daar sou egter nie verder oor die Konvensie beraadslaag word nie. Al die besware soos in die Koninklike Kommissie aangetoon en in die sitting van die Volksraad/.....

7). Volksraadsnotule, art. 41, 28 September 1881.

8). BB.1080/81; C.3098, bls. 97; Leyds, blse. 381 - 382; Groenboek, 1884; Dr. P. Botha: Die Staatkundige..., blse. 110-111.

9). Ibid.

10). R.4303/81 by R.5666/81; C.3098, bls. 91; Dr. P. Botha, bls. 111.

11). V.R.B. 51/81 by R.566/81.

12). Volksraadsnotule, art. 186, 25 Oktober 1881.



Volksraad , sou gehandhaaf word. Aan die versoek van die Engelse regering sou voldoen word. Die Konvensie sou aan 'n praktiese toets onderwerp word. Hierna het die raad oorgegaan om die Konvensie te ratifiseer. <sup>13)</sup>

Nadat hierdie belangrike besluite geneem is, het die Volksraad tot die volgende jaar verdaag. Cronje het op hierdie eerste sitting nog op die agtergrond gebly omdat dit vir hom 'n nuwe terrein was. Maar hierdie ondervinding was vir hom leersaam. As verteenwoordiger vir Potchefstroom op die hoogste wetgewende liggaam van die land, sou hy met die volgende sitting sy regmatige aandeel in die besprekings en besluite van landsake neem.

Op 1 Mei 1882 het die Volksraad sy jaarlikse sitting in Pretoria begin. Cronje, C.J. Bodenstein en H.R. Lemmer het as verteenwoordigers van Potchefstroomdorp en -distrik sitting geneem. <sup>14)</sup> Nadat Bodenstein as voorsitter gekies is, het hy 'n kommissie bestaande uit Cronje, F.G. Joubert en C.L. Neethling benoem om die lede van die Driemanskap die middag om twee-uur die Raadsaal binne te lei. <sup>15)</sup>

As Volksraadslid het Cronje vanaf hierdie tyd op baie verskillende kommissies gedien waar ernstige landsake en probleme aan hom en die ander lede om 'n oplossing toevertrou is. In Mei 1882 <sup>was</sup> hy lid van 'n kommissie van vyf lede om ondersoek in te stel en rapport uit te bring oor die skuld van die Republiek aan Engeland. <sup>16)</sup>

Die/.....

13). Volksraadsnotule, art. 186, 25 Oktober 1881.

14). Notule van die Volksraad, 1 Mei 1882 in Bijvoegsel tot de Staatscourant, Nr. 61, 1882.

15). Ibid.

16). Volksraadsnotule, art. 23, 3 Mei 1882. Die ander lede was:- F.G. Joubert, H.P.N. Pretorius, C.J.L. Birkenstock en C.L. Neethling (Voorsitter).

Die kommissie het 'n moeilike taak gehad om te ver-  
vul. Hulle moes al die dokumente met betrekking tot die ei-  
se vir kompensasie van die Koninklike Subkommissie teen die  
regering van die Suid-Afrikaanse Republiek nagaan. Dit was  
'n taak wat die grootste noukeurigheid vereis het. Daarom  
kon die voorsitter van hierdie kommissie eers op 11 Julie  
1882 die rapport by die Volksraad indien. 17)

Uit die nagegane stukke het dit geblyk dat daar  
1941 eise wat 'n som van £1,346,590 - 1 - 9d. bedra het, in-  
gekom het. Dit is besluit om slegs 920 van hierdie eise,  
wat 'n totale bedrag van £150,049 - 0 - 1d. beloop het, uit  
te betaal. Hiervan moes die Suid-Afrikaanse Republiek 'n  
bedrag van £136,960 - 2 - 1d. betaal, terwyl die Britse re-  
gering vir die balans £13,088 - 18 s., verantwoordelik  
sou wees. 18)

Die kommissie het daarop gewys dat die regering  
met hierdie skuldelaas tevrede sou moet wees omdat die Volks-  
raad reeds die Konvensie bekragtig het. Daarin is bepaal  
dat die uitspraak van die Koninklike Subkommissie finaal  
sou wees. 19)

Die kommissie het die taak wat hom opgelê is, met  
bekwaamheid en ywer uitgevoer. Die Raad het hom dan ook met  
hierdie aanbevelings vereenselwig. 20)

Die/.....

17). Volksraadsnotule, 11 Julie 1882, art. 804.

18). V.R.R. 260/82: Rapport van de Commissie benoemd bij  
Volksraadsbesluit, art. 23, 3 Mei 1882;  
Staatscourant der Z.A. Republiek, 7 Sept. 1882, blse.  
366 - 377.

19). Ibid.

20). Volksraadsbesluite, art. 805, 11 Julie 1882.

Die Vise-president het in sy toespraak voor die Volksraad ook op die praktiese werking van die Konvensie gewys, want die rus en vrede onder die naturelle stamme op die suidwestelike grens van die Republiek het nog altyd veel te wense oorgelaat. Die oorsaak daarvan moes in die onpraktiese bepaling van die grenslyne gesoek word.<sup>21)</sup> Dit is onder die aandag van die Britse regering gebring, maar die antwoord was dat die Konvensie onveranderd moes bly voortbestaan. Die Transvaal moes 'n strenge neutraliteit handhaaf. Die regering was nie met hierdie antwoord tevrede nie. Die Volksraad het daarom 'n spesiale kommissie benoem om die toestande op die suidwestelike grens te ondersoek en 'n volledige rapport daaroor uit te bring. Saam met F.G. Joubert as voorsitter en J.J. Spies was Cronje ook lid van hierdie belangrike kommissie.<sup>22)</sup>

Die keuse van Cronje was goed. Hy het 'n uitgebreide kennis van naturelle-aangeleenthede op die grens gehad en dit kon dus verwag word dat hy die kommissie met eerste-handse kennis kon dien.

Die kommissie het nie gras onder sy voete laat groei nie. Direk na die besluit geneem is, het die lede na die grens vertrek en binne twee-en-twintig dae rapport uitgebring. Hierdie rapport is op 3 Junie 1882 voor die Volksraad gebring. Die bron van al die moeilikheid moes, volgens die kommissie, in die ondoeltreffende grensreëling gesoek word.<sup>23)</sup> Hierdie wantoestand is in 1871 met die Keate-uitspraak/.....

21). Volksraadsnotule, art. 4, 1 Mei 1882 in E.V.R. 15; J.A. Mouton, blse. 126 - 127.

22). Volksraadsbesluite, art. 151, 17 Mei 1882.

23). R. 3297/82 by R. 2899/82: Verslag van Joubert, Cronje en Spies, Mei 1882.

Keate-uitspraak geskep. Die Engelse owerhede het hierna besluis in die regmatige natuurlike-opperhoofde op die suidwestelike grens sou wees. <sup>24)</sup>

Deur die Keate-uitspraak het die Suid-Afrikaanse Republiek 'n groot gedeelte van sy grondgebied verloor. President Burgers het van die grondgebied teruggekry deur traktate met natuurlike-opperhoofde aan te gaan, maar Engeland het dit nie erken nie. <sup>25)</sup>

Die kommissie het in sy rapport beweer dat die grond wat van die land afgesny is, wettiglik aan die Suid-Afrikaanse Republiek behoort het. <sup>26)</sup> Dit was 'n belangrike beslissing, want dit het die Republiek laat besluit om nie alleen toe te sien dat wet en orde in die gebied gehandhaaf word nie, maar hom laat besef dat die tyd aangebreek het om sy gesag oor die gebied te laat geld. Die kommissie wys ook daarop dat die grens so sonder die minste sorg afgesny is, sodat  
nie/.....

---

24). Mankoroane is erken as die wettige opperhoof van die Batlapins en die Korannas terwyl Montsioa as opperhoof van die Baralongs aangewys is. Dawid Massouw het die opperhoofskap van die Korannas toegeëin. Gasibone en Moshette het sy voorbeeld gevolg en respektiewelik op die Batlapin - en Barolong-opperhoofskappe aanspraak gemaak. Hierdie laasgenoemde opperhoofde se aansprake was ook heeltemal wettig. Die natuurlike was onderling ontevrede en sou nie in die bepalings van die Britse regering berus nie. Hulle is as gevolg hiervan in twee sterk vyandiggesinde kampe verdeel.

25). Eric Walker: History of South Africa, bls. 357; D.J. Pieterse: Transvaal en Britse Soesereiniteit. Argiefjaarboek, Derde jaargang. - Deel 1., bls. 306. (M.A.-verhandeling, Potchefstroom).

26). R. 3297/82 by R. 2899/82: Verslag van Joubert, Cronje en Spies, Mei/1882.

nie een van die kafferstamme geweet het waaraan hulle hul-  
le moes hou nie. Die Koninklike Kommissie het die beskerming  
wat die stamme van die Republiek geniet het, weggeneem en  
geen onderlinge beslissing bewerkstellig nie. Daar is geen  
verdeling van grond tussen die stamme gemaak nie en buiten-  
dien het die Koninklike Kommissie die Suid-Afrikaanse Re-  
publiek belet om tussenby te kom, sodat hulle self onmag-  
tig was om die moeilikheid op die grens op te los. In Euro-  
pa is die blaam verwek dat die natuurlike stamme op die  
grense verdruk word.<sup>27)</sup>

Hierdie rapport is deur die Volksraad bespreek. Die  
slotsom waartoe hulle geraak het, was om die Britse Resi-  
dent onmiddellik te vra om 'n kommissie na die grens te stuur  
om 'n einde aan die onluste te maak, en die grenslyn in oor-  
eenstemming met die bestaande verdrae tussen die Suid-  
Afrikaanse Republiek en die verskillende natuurlike stamme  
te reël.<sup>28)</sup>

Hiermee was die vernaamste werksaamhede van die  
Volksraad vir hierdie jaar afgehandel. Aan die einde van  
die sitting is Cronje en P. Roos as 'n kommissie benoem om  
Ds. H. S. Bosman af te haal om die vergadering die middag  
van 12 Julie 1882 met gebed te sluit.<sup>29)</sup> En so het Cronje in  
kleiner en groter sake steeds onder die oog gebly.  
Op/.....

---

27). R.3297/82 by R.2899/82. Ibid.

28). Ibid.

29). Volksraadsnotule, art.824, 12 Julie 1882.



Op die volgende sitting van die Volksraad was Cronje weer trou op sy pos. Dit was 'n belangrike jaar en gedurende hierdie sitting sou gewigtige sake bespreek en besluite daaromtrent geneem word. S. J. P. Kruger, die nuutgekoose president, sou by hierdie geleentheid ingesweer word. Volgens die Gronwet moes vier lede van die Raad en die Staatssekretaris by hierdie plegtigheid aanwesig wees. Dit was 'n besonder eer wat Cronje te beurt geval het en dit bewys ook die hoogagting wat die Raad vir hom gekoester het, toe hy saam met Raadslede Neethling, Smit en Hattingh hiertoe benoem is.

Op 12 Mei 1883 het die Volksraad Kommandant-generaal Joubert se brief, waarin hy daarop aangedring het dat 'n nuwe Kommandant-generaal gekies moes word, onder behandeling geneem. Dit is besluit om 'n kommissie te benoem om op die saak in te gaan. Cronje, wat op militêre gebied reeds naam verwerf het, is as voorsitter saam met nog twee ander lede hiertoe aangestel. Hy en sy kommissie moes 'n konsepbesluit oor die saak opstel en per latere geleentheid voor die Volksraad lê. Twee maande later het hy die konsepbesluit vir die opening van 'n eleksie vir die betrekking ingedien. Die rapport is goedgekeur en besluit om vanaf 15 Oktober tot 15 November 1884 die verkiesing te laat plaasvind. Die kieslote moes voor 1 Desember 1883/.....

30). Volksraadsnotule, art. 25, 8 Mei 1883; Volksraadsnotule, art. 11, 7 Mei 1883: Cronje en D. J. E. Erasmus is ook as 'n kommissie benoem om die president die vergadering binne te lei.

31). K.G. 271: Brief van P. J. Joubert, Hoofdkwartier, Niabels Stad, 30 Jan. 1883.

32). Raadslede Lombaard en Rabe.

33). Volksraadsnotule, art. 916, 26 Julie 1883; V.R.R. 219/83: Rapport van Cronje, Lombaard en Rabe.

34). Ibid.

35)

1883 by die Uitvoerende Raad ingelewer word.

Cronje was 'n baie nuttige kommissieman. Aan die end van Mei 1883 is hy as voorsitter van 'n kommissie benoem om 'n konsepvoorstel in verband met die krygsdiens in te dien.<sup>36)</sup> Op 31 Mei het hy die konsep-artikel in die hande van die Volksraad gestel.<sup>37)</sup> Dit is met eenparige stemming goedgekeur.<sup>38)</sup>

Die Volksraad het teen hierdie tyd ook besef dat die tyd nou aangebreek het om Engeland op die onpraktiese werking van die Konvensie te wys. 'n Deputasie bestaande uit President Kruger, S.J. du Toit en N.J. Smit is gekies om die belangrike sending te onderneem.<sup>39)</sup> Met definitiewe opdragte moes hulle vertrek.<sup>40)</sup> Maar omdat dit s'n gewigtige sending was en omdat die toekomst van die Suid-Afrikaanse Republiek baie deur die uitslag van die sending geafekteer sou word, het die Volksraad 'n kommissie van vyf lede gekies om geheime instruksies vir die deputasie op te stel. Dit was een van die belangrikste kommissies wat tot dusver/.....

35). Volksraadsbesluite, art. 935, 26 Julie 1883.

36). Ibid., art. 171, 29 Mei 1883; paragraaf 1, art. 12.

37). Ibid., art. 180, 31 Mei 1883.

Die konsep-artikel het geluidat die landdros die mag het om, ingeval die veldkornet boete opgelê het of by wanbetaling tronkstraf toegedien het, die invordering van boete of gevangestraf te skors mits gegronde redes aangetoon word. Hy kon die beslissing aan die krygsraad, aan wie hy dadelik moes rapporteer, oorlaat. As iemand tot gevangestraf veroordeel is, sou hy dadelik gevange geneem en na die kommando gestuur word om die straf uit te dien.

38). Volksraadsbesluite, art. 181, 31 Mei 1883.

39). Dr. W.J. Leyds: Het Insluiten...Deel 1, bls. 140.

40). V.R.R. 211/83: Rapport der Commissie, gekozen door den E.A. Volksraad, ten einde de noodige instructien op te stellen voor de Deputatie naar Europa, overeenkomstig art. 856 en 857, Volksraadsbesluiten, dd. 20/7/83.

dusver gekies is en daarom moes die lede manne wees op wie vertrou kon word. Cronje is tot voorsitter van hierdie be-  
41)  
langrike kommissie benoem.

Cronje en sy kommissie het dadelik aan die werk ge-  
gaan. S.J.du Toit, wat die kommissie as sekretaris gedien  
het, het ongetwyfeld 'n reuseaandeel in die opstel van die  
instruksies gehad. 42) Cronje het ook sy deel bygedra, want  
onder sy voorsitterskap is die belangrike dokument opge-  
stel. Binne drie dae het die kommissie 'n omvattende rapport  
met volledige instruksies aan die deputasie by die Volksraad  
43)  
ingedien.

Die lede van die deputasie moes gesamentlik onder-  
handel oor die hersiening van die Konvensie van 1881 en die  
verlenging van die Handelsooreenkoms met Portugal. Aan  
S.J.du Toit en N.J.Smit is spesiaal opgedra om 'n geldlening  
in Nederland of elders vir die Suid-Afrikaanse Republiek te  
44)  
sluit; om 'n bekwame en ervare finansier vir hierdie doel  
aan te stel; om voorlopige onderhandelinge aangaande die  
aanle/.....

---

41). Ibid. Die ander lede was: L. Neethling, J.M. Malan,  
C.C. van Heerden en D. Taljaard.

42). Charles van der Walt: S.J.du Toit in die diens van die  
Suid-Afrikaanse Republiek. (1882 - 1890), bls. 51. (M.A.-  
verhandeling, Universiteit van Pretoria, Des. 1944).  
In voetnoot 51 skryf hy:-

"Dat S.J.du Toit as sekretaris  
gedien het, is die konklusie waartoe gekom word op  
grond van die feit dat die hele lywige rapport in die  
bekende handskrif en styl van S.J.du Toit by die Volks-  
raad ingedien is."

43). Volksraadsnotule, art. 869, 23 Julie 1883.

44). Staats-courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, 5  
Julie 1883.

aanlê van 'n spoorweg na Delagoabaai aan te knoop; om reël-  
lings vir die oprigting van 'n Bank vir die Suid-Afrikaanse  
Republiek te tref en ingeval die hersiening van die Konven-  
sie geen opening tot die onderhandelinge met Portugal laat  
nie, moes hulle probeer om deur bemiddeling van die Suse-  
reine regering onderhandelinge tot bevordering van die be-  
lange van die Republiek te voer. <sup>45)</sup>

Nadat Cronje en sy kommissie hierdie opdragte vir  
die deputasie voorgeskryf het, het hulle oorgegaan om die  
afsonderlike opdrag nader te omskryf. Die deputasie moes in  
verband met die hersiening van die Konvensie 'n ~~twesle~~  
standpunt inneem. Eerstens moes hulle probeer om di. minis-  
ter te oorreed om die Konvensie van 1881 te herroep en die  
betrekking tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en die  
Ryksregering opnuut ooreenkomstig die Traktaat van Sandri-  
vier te reël. <sup>46)</sup>

As die minister gewillig is om veranderings aan te  
bring, moet die deputasie al sy krag inspan om daarin 'n  
voorsiening te kry dat Haar Majesteit se regering geen be-  
swaar sal maak teen 'n moontlike vereniging tussen die Suid-  
Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat of teen 'n of-  
fensiewe of defensiewe verbond tussen die twee Republieke  
nie. <sup>47)</sup>

Vind die minister dit egter onmoontlik om hieraan  
te/.....

---

45). V.R.R. 211/83: Offisiële Instruktie A.

46). Ibid. Wijse van handeling In sake Herziening die Con-  
ventie.

47). Ibid.

te voldoen, moes die deputasie inwillig om wysigings te bespreek eers nadat sekere voorwaardes, soos nader omskryf sou word, verkry is. Nadat hietoe ooreengekom is, kon die deputasie tot verdere onderhandelinge toetree.<sup>48)</sup>

As die voorafgaande hersienings in die Konvensie dit toelaat, moes die deputasie direk met die Portugese regering oor die Handelsooreenkoms onderhandel. Indien dit nie die geval is nie, moes hulle die bemiddeling van Groot Brittanje inroep. Hulle moes die wenslikheid van die aanleg van 'n spoorlyn van Pretoria na Delagoabaai bespreek en op die verlenging van die handelsooreenkoms aandring.<sup>49)</sup>

Tenslotte moes die deputasie probeer om 'n lening in Nederland of België te sluit. As dit misluk, moes hulle hulle na Frankryk, Portugal, Duitsland, die Verenigde State van Amerika of Groot Brittanje wend om hulle doel te bereik. Hulle moes trag om 'n som van £500,000 te leen. As waarborg moes hulle al die onbelaste eiendomme van die Staat stel, behalwe ongeveer vyftig plase in die Wakkerstroom- en Utrechtse distrikte, wat vir kompensasie van die burgers gereserveer word. Die bepaling van die rentekoers asook die tyd van terugbetaling is aan die diskresie van die deputasie oorgelaat.<sup>50)</sup> Indien die lening misluk, moes die deputasie met enige buitelandse moondheid oor die oprigting van 'n Bank onderhandel. Op koste van die Republiek kon 'n bekwame finansier in diens geneem word om die deputasie met die nodige raad en advies by te staan.<sup>51)</sup>

Met/.....

48) . V.R.R. 211/83 : Instructie B.

49) . Ibid. Instructie C.

50) . Ibid. Instructie D.

51) . Ibid.

Met hierdie opdragte, deur Cronje en sy kommissie opgestel en deur die Volksraad goedgekeur, het die deputasie na Europa vertrek. Die werksaamhede van die Volksraad was afgehandel. Op 31<sup>Julie</sup> is die Raad tot latere oproeping verdaag.<sup>52)</sup>

Net 'n jaar later, op 28 Julie 1884, was die Volksraad weer in sitting want die deputasie het toe van Europa teruggekeer.<sup>53)</sup> Nadat 'n welkomsadres voorgelees is, het die president meegdeel dat die onafhanklikheid van die land in die eerste instansie verkry is en dat die Susereiniteit nie meer bestaan nie. Die deputasie het ook ander Europese moondhede besoek om die Suid-Afrikaanse Republiek opgeneem te kry in die Statery en het daarin geslaag.<sup>54)</sup> Die volledige verslag is hierna voor die Volksraad gelê. Die deputasie het hulle opdragte getrou nagekom en daarin geslaag om 'n gewysigde Konvensie te verkry. Die nuwe Konvensie, die Londen-Konvensie, is op 8 Augustus 1884 deur die Volksraad bekragtig.<sup>55)</sup>

In Augustus 1884 is die gewone jaarlikse sitting begin en het Cronje sy plek ingeneem. Hy was opvlieënd van geaardheid en het gou kwaad geword. Maar daarby was hy 'n teerhartige en gevoelige persoon. In die Volksraad het hy altyd simpatiek opgetree teenoor die armes en gewondes wat hulp verlang het. Vir hulle het hy altoos 'n goeie woortjie gehad. Toe die geval van burger P.J. Oosthuizen, wat gedurende die oorlog sy regterarm verloor het en daarom by/.....

---

52). Volksraadsnotule, art. 993, 31 Julie 1881.

53). V.R.B.B. 16/84: Welkomsadres van die Volksraad aan die deputasie, Pretoria, 28 Julie 1884.

54). Volksraadsnotule, 28 Julie 1883.

55). Volksraadsnotule, 8 Augustus 1884, in De Volksstem, 19 Augustus 1884.

by die regering om 'n plaas aansoek gedoen het, behandel is, het Cronje voorgestel dat hy 'n tegemoetkoming uit die fondse vir gewondes moes kry. Die Volksraad het as gevolg hiervan besluit om die regering opdrag te gee om uit te vind hoeveel gewondes daar is en hoeveel grond vir hulle afgesonder kon word.

Wanneer salarisse van Staatsamptenare behandel is, was Cronje in sy element. Dit is een van die onderwerpe waaroor hy lief was om te praat en voorstelle te maak. Hy wou die bestuur van die land so deeglik moontlik ingerig hê. Die beste amptenare moes aangestel word, want daardeur sou die beste werk gelewer word. Hy het tereg van die standpunt uitgegaan dat as die Staat verlang dat 'n amptenaar sy beste kragte moes inspan, die Staat verantwoordelik is om toe te sien dat die persoon die beste besoldiging vir sy dienste ontvang. Toe die begroting voorgelê en die pos van posmeester vir Potchefstroom behandel is, het Cronje daarop gewys dat die werksaamhede aan die pos verbonde groot is en dat 'n salaris van £175 ontoereikend is. Hy het voorgestel dat die salaris na £200 verhoog word. Die Volksraad het dit goedgekeur maar die assistent van

Die belange van sy distrik het hy goed behartig. Toe die pos van landdros onder bespreking kom, het hy daarop aangedring dat die salaris van £400 na £450 verhoog/.....

- 56). BB. 1250/82: Brief van die Staatsekretaris 11 Mei 1882 aan die Voorsitter v.d. Volksraad, bevattende Uitt. Raadsbesluit, art.176/82 i/s memorie P.J.Oosthuizen.
- 57). Volksraadsbesluit, art.245, 30 Mei 1882.
- 58). Ibid. art.371, 12 Junie 1882.
- 59). Art. 372, Ibid.

hoog moes word. Potchefstroom was die hoofstad en sy lig-  
ging het baie deurvoer en sy grootte baie werk veroorsaak. 60)  
Dit is goedgekeur. 61)

Die tweede klerk in die Landdroskantoor het gelyk-  
tydig die pos van assistent in die poskantoor bekleed. As  
gevolg van die skraping van die pos het die landdrosklerk  
£25 aan salaris verloor. Cronje het dit as onbillik beskou  
en aangedring dat die salaris van £125 na £150 verhoog  
word. 62) Dit is ook goedgekeur. 63)

Dit is nie net in verband met salarisse in sy eie  
distrik dat hy opgetree het nie. Hy was 'n regverdige man  
wat 'n beginsel konsekwent gehandhaaf het. Daarom was hy nie  
net ten gunste van salarisverhoging by die ondergeskikte amp-  
tenare nie maar wou sien dat die beginsel tot by die hoog-  
ste pos van Staatspresident deurgevoer word. Toe die salaris-  
skaal van die president behandel is, het Cronje 'n maksimum  
van £2,500 bepleit. Na lang besprekings is die salaris  
op £2,000 per jaar vasgestel. 64) Benewens hierdie salaris het  
die president 'n toelae van £120 ontvang. Cronje het dit as  
onvoldoende beskou, want die president het nie vry woning  
ontvang nie. Hy het voorgestel dat die bedrag na £300 verhoog  
moes word. 65) Die voorstel is druk bespreek voordat dit aan-  
geneem is. 66)

Alhoewel/.....

- 
- 60) . Volksraadsbesluite, art.414, 16 Jun.1882.  
61) . Ibid. ,art.415, 16 Junie 1882.  
62) . Ibid., art. 417, 16 Junie 1882.  
63) . Ibid, art 418.  
64) . Volksraadsbesluite,art.476,30 Aug.1883.  
65) . Ibid., art.486,29 Junie 1883.  
66) . Ibid., art. 490.



Alhoewel die landdros van Potchefstroom 'n salarisverhoging ontvang het, was hy nog nie tevrede nie. Die volgende jaar het hy weer om verhoging en vry inwoning aansoek gedoen. Cronje het weer vir hom in die bres getree. Hy het aangevoer dat die landdros van Pretoria 'n salaris van £500 ontvang en boonop nog 'n assistent gehad het om hom met die uitvoering van sy pligte behulpsaam te wees. Die sake te Potchefstroom was netso dringend. Die landdros was 'n regskaap Afrikaner alhoewel hy hom nie daarop beroem het nie. Dit maak ook nie verskil aan watter nasionaliteit hy behoort het nie; die perd wat die hawer verdien, moet dit kry. Die landdros het 'n groot familie, hy moes sy kinders behoorlik laat opvoed. As hierdie dinge in aanmerking geneem word, is dit duidelik dat die salaris ontoereikend was. <sup>67)</sup>

Cronje se regverdige houding het die saak beklink. Die salaris is met £25 verhoog en omdat die landdroskantore meer kamers bevat het as wat deur die regering benodig was, is die agterste gedeelte as woonhuis aan die landdros gegee. <sup>68)</sup>

In die Volksraad het Cronje hom as 'n vurige ondersteuner van Kruger getoon. Die behoud van die onafhanklikheid van sy land het vir hom alles beteken. Netsoos Kruger het hy besef dat hulle moes waak vir die toekoms. Hulle moes ag gee op die groot uitlandse bevolking wat weldra die land sou binnestroom. Daarom was hy daarvoor dat daar 'n wet gepasseer moes word waardeur Uitlanders belet sou word om/.....

---

67). Volksraadsbesluite, art.631, 26 September 1884.

68). Ibid., art.632.

69)  
om lede van die Volksraad te word. Hy het hom ook heelhartig met die voorgestelde wysiginge in die kiesreg vereenselwig.<sup>70)</sup> Die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek moes sy kieswette so verander dat dit nie maklik sou wees vir Uitlanders om gou genaturaliseer te word nie. Die meeste van hierdie persone sou slegs na die Transvaal kom om rykdom na te jaag en sou daarna weer die land verlaat. Dit sou dus onbillik wees om hulle dadelik seggingskap in die regering van die land te gee.

Van langdradige besprekings en argumente het Cronje nie gehou nie. Hy het dikwels gepraat maar sy gedagtes meestal in min woorde weergegee. Wanneer 'n saak bespreek is en dit het onnodig lang besprekings uitgelok, was hy altyd die eerste wat voorgestel het dat die diskussies gesluit moes word. Dit het hom ongeduldig gestem sodat hy soms driftig geword en voorgestel het dat die besprekings stopgesit moes word.<sup>71)</sup> Wanneer 'n saak volgens sy opinie gehoegsaam bespreek is en daar tot 'n voorstel oorgegaan is, was hy dikwels die eerste om te sekondeer.

Cronje was 'n man wat in sy alledaagse lewe dissipline en ordelikheid beoefen het. Daarom het hy in die Volksraad ook van stiptelikheid gehou. In die jare wat hy Volksraadslid was, het hy die vergaderings klokslag bygewoon. Slegs by een sitting was hy om onbekende redes afwesig.<sup>72)</sup> Hy het dus goed geweet wat daar aangegaan het en het/.....

69) . Volksraadsbesluite, art. 711, 5 Julie 1882.

70) . Ibid., art 758, 10 Julie 1882.

71) . Ibid., art. 369, 18 Junie 1883; art. 371, 19 Junie 1883  
e.v.

72) . Volksraadsnotule, 8 Julie 1882. Hier was Cronje by die middagsitting afwesig.

het sy kiesers se belange na die beste van sy vermoë behartig. Op 21<sup>10kt-1884</sup> was hy verplig om sy bedanking as Volksraadslid in te dien omdat hy deur die regering as waarnemende Kommandant-generaal aagestel is nadat Joubert die betrekking neergelê het.<sup>73)</sup>

Cronje het hierdie betrekking tot Junie 1885 bekleed toe Joubert met 'n groot meerderheid van stemme herkies is. 'n Paar maande later het 'n aantal kiesers uit Lichtenburgdistrik vir Cronje 'n rekwisie vir die Volksraad geteken. Hulle het hom versoek om hom verkiesbaar te stel in die plek van H.J.Schoeman wat bedank het.<sup>74)</sup> Cronje het ingewillig.<sup>75)</sup> Sy teekandidaat was A.J.J.van der Walt wat met 'n meerderheid van stemme verkies is.<sup>76)</sup> Dat Cronje teen van der Walt uitgeval het, is te verstaan. Omdat hy in Potchefstroomdistrik woonagtig was en voorheen hier verkies is, moes hy noodwendig in 'n ander distrik teë'n ou inwoner die onder-spit delf.

Vir die volgende twee jaar het daar nie 'n verkiesing vir die Volksraad plaasgevind nie omdat daar die lede afgetree of bedank het nie. Aan die end van 1888 sou die dienstyd van die lede verstreke wees en daarom is daar aan die end van daardie jaar rekwisies vir kandidate geteken. Cronje het by hierdie geleentheid eers twee rekwisies/.....

- 73). R.288/84: Brief van P.A.Cronje aan die regering, Pretoria, 22 Okt. 1884; Staats-courant der Z.A. Republiek, 30 Oct. 1884, Kennisgewing Nr. 298.
- 74). Staats-courant der Z.A.Republiek, Nr.253, 25 Nov. 1885; Kennisgewing Nr.231. Rekwisie van J.H.Maartens, G.P.Visser en 20 ander, Lichtenburg, 29 Oct. 1885.
- 75). Ibid., Antwoord van P.A. Cronje, Schoonspruit, 13 Nov. 1885.
- 76). R.B.B. 447/ 86, Pretoria April 1886: Uitslag van die verkiesing.

77)  
sies uit die wyk Makwassie en daarna een van Stomppoort-  
78)  
fontein ontvang. As gevolg hiervan het hy hom weer ver-  
79)  
kiesbaar gestel.

Cronje het die volle vertroue van sy kiesers weg-  
gedra. Met 'n groot meerderheid van stemme is hy teen H.R.  
80)  
Lemmer verkies. N.M.S. Prinsloo het 'n meerderheid van stem-  
me oor M.J. Wolmarans behaal, terwyl P.L. Bezuidenhout her-  
kies is. Hierdie lede sou dan vir die volgende vier jaar  
die verteenwoordigers van Potchefstroom-distrik in die Volks-  
raad wees.

Soos gewoonlik het Cronje die vergaderings gereeld  
bygewoon. Hy het hom nie veel oor onderwysaangeleenthede uit-  
gelaat nie maar veral baie tennunste van spoorwegontwikkeling  
gepraat. Vroeër, toe President Burgers die aanlê van spoor-  
81)  
weë bepleit het, was Cronje sterk daarteen gekant. Hy  
erken dat hy destyds teen spoorweegaanlê was, omdat die Re-  
publiek nog nie daarvoor ryp was nie. Toestande het egter  
82)  
so verbeter dat die Republiek dit kon bekostig.

Toe 'n memorie in Julie 1890 ingedien is om, nadat  
die Delagoabaaispoorlyn tot by Komatiedrif voltooi is,  
vandaar/.....

- 
- 77). Staats-courant der Z.A. Republiek. Nr. 408, 14 Nov. 1888.  
Kennigging Nr. 682; R. 10217/88: Rekwisisie wijk  
Makwasie, 26 October '88 van C.J. Campher, D.G.J. Bosman  
en 52 ander; A.P.J. Cronje, Veldkor., H.C. Visser, as.-veld.  
en 20 ander.
- 78). Ibid., Stomppoortfontein, P.J. Botha, W. Huyzers en 12  
ander.
- 79). Ibid., Antwoord van P.A. Cronje.
- 80). V.R.R. 68/89: Brief van die Staatsekretaris aan Voor-  
sitter van die Volksraad, 4 Mei 1889, inhoudende uit-  
slag van die verkiesing; B.B. 1072/89: Ibid., Volks-  
raadsnotule, art. 3, 6 Mei 1889.
- 81). Herinneringen, 15 Augustus 1913.
- 82). Volksraadsnotule, art. 1077, 25 Julie 1890.

vandaar 'n spoorweg na die laeveld van Zoutpansberg te bou, <sup>83)</sup>  
het Cronje dit heelhartig ondersteun. Hy het verklaar dat  
hy goed bekend was met die streek waardeur die spoorlyn  
gebou moes word. Dit was 'n vrugbare landstreek wat baie pro-  
dukte kon oplewer as dit meer bewoonbaar gemaak word. As die  
spoorweg gebou word, sou meer mense hulle daar gaan vestig  
en kon die goudvelde beter ontgin word. Nuttige houtsoorte  
wat in die bosgedeeltes aangetref word, kon vir ver-  
werking na die stede versend word. As die spoorweg dieselfde  
dag gereed kon wees, sou hy nie nog wou wag tot die volgende  
dag nie. Die regering moes egter eers die publiek 'n kans gee  
om 'n mening oor die saak uit te spreek. Later kon die spoor-  
lyn van Selatie aangebou en verleng word. <sup>84)</sup>

In hierdie jaar het die Volksraad besluit om 'n  
Tweede Volksraad in die lewe te roep en het 'n kommissie be-  
noem om die aantal lede vir elke raad te bepaal. <sup>85)</sup> Die kom-  
missie het besluit dat daar vier lede, twee vir elke raad,  
in Potchefstroomdistrik gekies moes word. In die distrik  
sou gedurende hierdie jaar geen lede aftree nie, daarom  
moes een van die drie lede weggeloot en 'n eleksie vir twee  
lede van die Tweede Volksraad geopen word. <sup>86)</sup> By die loting  
het Cronje op 4 Augustus 1890 uitgeval en dus opgehou om  
Volksraadslid te wees. <sup>87)</sup>

Cronje/...

83). Volksraadsnotule, art. 1075, 24 Julie 1890; V.R.R.,  
59/90: Memorie van B.J. Vorster, T.J. van Dyk en 112 an-  
der, Zoutpansberg, 7 April 1890.

84). Volksraadsnotule, art. 1077, 25 Julie 1890.

85). Volksraadsbesluite, art. 466, 23 Junie 1890.

86). Ibid. Die kommissielede was :- S.W. Burger, J.M. Malan,  
F.G.H. Wolmarans, J. van der Merwe en J.P.L. Lombard.

87). Volksraadsbesluite, art. 1170, 4 Augustus 1890.



Die volgende maand het hy teen Ewald Esselen as lid vir die Tweede Volksraad in die verkiesing vir Potchefstroom-<sup>88)</sup> dorp uitgeval. Hy kon hom gedurende hierdie jaar ook nie vir die Eerste Volksraad verkiesbaar stel nie, want die twee verteenwoordigers se dienstyd sou eers teen die end van 1892 verstreke wees. Teen die end van 1892 is daar vir hom geen rekwisisie geteken nie en is N.M.Prinsloo herkies en P.J.<sup>89)</sup> Schutte in die plek van P.L.Bezuidenhout verkies. Hierdie lede het vir vier jaar sitting geneem sodat daar nie weer voor die end van 1896 'n verkiesing plaasgevind het nie. Cronje het toe reeds die pos van Superintendent van Natu- relle bekleed sodat hy nie weer genomineer kon word nie.

---

88). Volksraadsnotule, art.7, 4 Mei 1891; Staats-courant der Z.A.Republiek, Kennisgewings Nrs. 324 en 325; 10 September 1890; BB. 1280/91, 4 Mei 1891, Regerings- brief. E.V.R. 149. Ibid.

89). E.V.R. 87/93; R.2259/93; BB.906/ 93; Staatssekretaris aan die voorsitter van die Volksraad, Sept. 1892. in- houdende uitslag van die verkiesing.